Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

VYFDE VERBONDSMAAL EN KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

Datum en Plek: D.V. 14-17 April 2017 te Dankbaar CVO Skool, Bloemfontein

Petrus en Johannes het teen hul kerklike owerheid te staan gekom en gesê:
"Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis;
want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie. [Hand.4:19-20]

Martin Luther het dieselfde gedoen en teen kerk en staat uitgeroep:
"Hier staan ek, ek kan nie anders nie, God help my !!! "

Ons dink vandag onderskeidelik 2000- en 500 jaar terug aan die vasberade optrede van manne vir wie hul geloof swaarder geweeg het as hul eie lewens. Ook aan die Waldense wat onverskrokke die Roomse Kerk en Staat weerstaan het waardeur ons vandag, elkeen 'n Bybel besit en mag besit.

Toe Jan van Riebeeck en metgeselle 365 jaar gelede die Protestantse beskawing aan die Kaap kom vestig het en die Franse Hugenote en ander geloofsvlugtelinge hierdie land hul tuiste gemaak het, het 'n besondere volksplanting plaasgevind wat mense opgelewer het wat hul hele lewenswandel op die Skrifte gegrond het. Hulle het onder die liberalisme van opeenvolgende Kaapse regerings uitgetrek en eintlik 'n Puriteinese lewenswandel gevolg. Hulle het verskeie Boere Republieke gestig en hul en hul nageslag deur Geloftes aan God Almagtig verbind.

Anders as die Australianers, Nieu-Zeelanders, Spanjaarde, Amerikaners, ens. het die Kaapse volksplanters nie die inheemse bevolkings uitgeroei nie, maar hul Gereformeerde geloofsbeskouing hoër geag as kolonialisme.

As kinders van die Hervorming van 500 jaar gelede, sit ons vandag vasgevang in 'n politieke- en kerklike orde wat ondergeskik is aan 'n Multikulturele Demokratiese Grondwet waarbinne alle Godsdienste gelyk is. Dit vervreem ons as Protestante in baie opsigte van ons Skriftuurlike beginsels. Soos in die dae van Martin Luther het ons op 'n dwaalweg beland en sal net 'n nuwe hervorming ons daarvan kan verlos. Ons kinders word op skool geëksamineer aan die hand van volksvreemde beginsels. Tugtiging is strafbaar onder die grondwet terwyl dit een van die duidelikste Skriftuurlike beginsels is om die band tussen God en Sy gemeente te behou. Die Bybelse opvoeding van ons kinders word in baie gevalle deur die Grondwet ondermyn.

Dit voel of ons ons in die skoene van Petrus en Johannes bevind soos opgeteken in Handelinge 4, waar hulle deur die Talmudiese owerhede gekonfronteer en verbied is om die evangelie te verkondig.

In die lig hiervan word volksgenote uitgenooi om die volgende konsilie van die Geloftevolk by te woon. Dit handel veral oor die gesin waarin die ouers van more opgevoed word, en wat onder die aanslag van 'n Eenwêreld orde met 'n eenwêreld godsdiens gebuk gaan.

Die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK], wat die konsilies en volksvergaderings belê, doen dit op grond van Deut.16:16, waar Vader JaHWeH [die HERE] die volk opdrag gegee het om drie maal per jaar voor Sy Aangesig te verskyn: ***Deut.16:16*** *"Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie;"* [1933/53 Afrikaanse Bybel.]

Die sogenaamde Paasnaweek sinkroniseer hiermee, maar het jammerlik ontaard in 'n wêreldse vakansietyd. Volksgenote wat hul weg oop sien om die HERE [JHWH] se bevel hoër te ag as wêreldse genot, word hiermee uitgenooi om die byeenkoms by te woon.

VERBONDSMAAL VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA

Vrydagaand 14 April:

18h00 – 19h00	Elke gesin bring hul eie voorafbereide maaltyd asook hul ongesuurde brood en vrug van die druiwestok saam. Die maaltyd vind eers plaas waarna die instelling van die Nagmaal/Verbondsmaal volg. Waskom en handoek opsioneel – Joh.13:14.
19h00	Herdenkingsdiens

KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA

Die taak van die konsilie is om eietydse geloofs-vraagstukke binne die Geloftevolk aan te spreek. Die volgende besprekingspunte sal D.V. tydens die beoogde konsilie ter sprake kom:

Saterdag 15 April

08h30 - 09h45	Opening, verwelkoming en ordening.
09h45 – 10h15	Die invloed van integrasie op ons volksidentiteit en gevolglike voortbestaan.
10h15 – 11h00	Blaaskans
11h00 – 11h45	Bespreking
11h45 - 12h15	Die invloed van die Waldense op die vorming van die Geloftevolk.
12h15 -13h00	Bespreking
13h00 – 14h15	Ete – selfvoorsienend [voetnota [1]]
14h15 - 14h45	Vind die Hervorming van 500 jaar gelede neerslag in die hedendaagse geloofsbeoefening binne ons volk?
14h45 - 15h30	Bespreking
15h30 – 16h00	Blaaskans
16h00 – 16h30	Die belangrikheid van familiestrukture binne volksverband.
16h30 – 17h15	Bespreking
17h15	Dag Afsluiting

Gesellige samesyn rondom die braaivleisvuur en eetgoed

Sondag 16 April

08h30 - 09h45	Opening, verwelkoming en ordening.
09h45 – 10h30	Die uitlewing van ons dissipelskap ingevolge die opdrag van Mat.28:19.
10h30 – 11h15	Blaaskans
11h15 – 12h00	Bespreking

[1] Deut.16:16[c] "en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie; :17 elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van die HERE jou God wat Hy jou gegee het."

12h00 – 12h30	Gesinsreabilitasie as ‘n voorvereiste vir volksvoortbestaan.
12h30 – 13h15	Bespreking
13h15 – 14h30	Ete - selfvoorsienend
14h30 – 15h15	Gemeenskapsontwikkeling vir die volksbinding van ons jeug.
15h15 – 16h00	Bespreking
16h00 – 16h30	Blaaskans
16h30	Dag afsluiting
16h30 -	GKK vergadering

Gesellige samesyn rondom die braaivleisvuur en eetgoed.

Maandag 17 April

08h00 – 08h30	Opening
08h30 – 09h30	Dokumentering van die handelinge van die Konsilie
09h30 - 09h45	Afsluiting van Konsilie
10h00	GKK vergadering